DEEL 112 | WEEK 11 | 19 MAART | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# PERDRY KOSMOS NIKS NIE



In Februarie het byna 50 lede van die Ruiterklub 'n heerlike rit op Corné en Magda van der Merwe se plaas gehad.

Tydens Saterdag se rit hier by Hendrik en Amanda Brink te Rooikoppies, was dit weer 'n besondere belewenis om soveel mooi uit ons Skepper se Hand te ervaar op die rug van 'n perd.

Elke maand word 'n rit by 'n ander lid aangebied en in die moeilike tye waarin ons leef, veral met die pandemie, bied dit aan alle lede die geleentheid om uit te kom in die natuur, asem te haal, en hul perdesport-passie, te beoefen.






# *In* FOKUS *hierdie week .... Skoonheid*

Ons het weer 'n paar besighede gevra om vir ons wenke of meer inligting te gee oor enige aspek van skoonheid, hier volg Chandrè se woorde oor:

Waarom ek Bio Sculpture Gel gebruik.

Bio Sculpture spog met 'n vyfster veiligheidsgradering, beste gel vir enige soort nael. Bio Sculpture gel kan verwyder word tussen 15 tot 20 minute. Bio Sculpture kliënte se natuurlike nael blink van gesondheid en is nie sag wanneer verwyder word nie, behalwe as dit afgetrek word.

**Interessante feite om te weet van naels**

• Naels groei vinniger in die somer as die winter.

• Vingernaels groei gemiddeld 3.5 millimeter per maand & toonnaels 1.6 millimeter per maand.

• Mans se naels groei vinniger as vrouens.

**Hoe kry iemand 'n swam-naelinfeksie?**

• Swamme wat naelinfeksie veroorsaak, kom voor in tuingrond.

• Wanneer 'n salon nie gereeld saniteer nie.

• 'n Swam-naelinfeksie kan ook van persoon tot persoon oorgedra word. Dit gebeur wanneer iemand 'n swam-naelinfeksie het en dieselfde naelvyl word op iemand anders gebruik.

**Hoe weet jy, dat jy 'n swam-naelinfeksie het?**

Daar moet meer as een simptoom voorkom:

• Jy kan 'n swam-naelinfeksie ruik.

• Jou nael verloor sy vorm.

• Jou nael breek vinnig en is sag.

• Jou nael is baie donker bruin/geelkleurig.

**Hoe om 'n swam-naelinfeksie te behandel ?**

Die beste is om jou naaste dokter te besoek sodat hy die nodige medikasie kan voorskryf!

**Moet nooit jou naels:**

• Heen en weer vyl nie, jy maak jou naels dun!

• Byt nie.

• Naelvelletjies sny nie.

• Naelprodukte aftrek van jou naels af nie.

**Naelvelletjies het 'n doel**

• Meeste kenners beveel nie aan dat naelvelletjies verwyder word nie. 'n Naelvelletjie is daar om vog en omgewingskieme uit die liggaam te verseël, daarom is dit baie belangrik om nie die naelvelletjies te sny nie.

Kontak my gerus vir meer inligting of 'n afspraak: Chandrè 072 594 0725

Hier volg Marlize Naudé se woorde oor:

Laser behandelings

Kom ons fokus op 3 soorte laser behandelings wat beskikbaar is om jou te help om 'n ingeligte besluit te neem wanneer jy vir 'n laser behandeling wil gaan.

• IPL wat ontwikkel het na E-light

• Q - switch

• Solide laser

**IPL - : (intensiewe polsende lig)** laat presisie gekontroleerde en gefiltreerde polsende lig vry wat deur die pigment in die haar (melanien) absorbeer word. Dit verhit die haar en vernietig die selle verantwoordelik vir haargroei om langtermyn haarvermindering teweeg te bring.

**E–Light:** Wat maak e-light anders as IPL? E-light kombineer IPL en radiofrekwensie. Die voordeel van die kombinering lê in die feit dat dit dieper penetreer en nie die melanien in die vel affekteer nie, met ander woorde alle veltipes kan behandel word. E-Light kan ook ligte grys en rooi hare behandel en deur hierdie nuwe tegnologie te gebruik is daar ook die bonus van velvernuwing wat die vel sagter laat as normaalweg.

**Q-switch:** Hierdie laser het twee golflengtes wat dieper in die vel penetreer en bekend is vir gesig afskilfering (peels). Hierdie laser kan groot skade aanrig as verkeerd gebruik word en behoort daarom slegs deur dokters gebruik te word.

Daar is ook 'n moontlikheid van "downtime"

**Soliede laser:** Hierdie laser het drie golflengtes wat dit meer veelsydig maak asook veiliger om te gebruik. Hollywood sterre is lief vir hierdie behandeling omdat hulle die volgende dag reeds op die rooi tapyt kan verskyn. Daar is dus geen "downtime" nie.

By Essence of Beauty doen ek E-light en Soliede laser behandelings

Met die E-light kan kliënte kies om spesifieke vel bekommernisse intensief te laat behandel soos:

• Pigmentasie • Velveroudering

• Aknee • Haarverwydering

Met die soliede laser spreek ons 'n verskeidenheid vel bekommernisse aan met 'n behandeling: • Pigmentasie • Veroudering • Aknee • Swartkoppies • Groot porieë • tattoo verwydering

Wat om te verwag na 'n Black Diamond (solid laser) behandeling:

Jou vel sal sagter voel en binne 48 – 72 uur , sal jy 'n verskil in die tekstuur van jou vel sien.

Verandering vind steeds plaas tot 14 dae na behandeling. Hierdie behandeling stimuleer die vervaardiging van kollageen en elastien en daarom is daar 'n merkbare verskil sigbaar.

Die behandeling is veilig en nie pynlik nie.

**Vir beste resultate:**

Ek beveel 'n kursus van 4 of 8 behandelings aan. Dit beteken 'n behandeling elke 2 weke. Die hoeveelheid behandelings hang af van die probleem wat aangespreek moet word. Pakkette word ook teen groot afslagpryse aangebied. Na afloop van die pakkette is dit belangrik om instandhouding te doen deur elke 4 tot 6 weke te kom vir 'n behandeling. In menige gevalle is daar al na die eerste behandeling 'n merkbare verskil sigbaar wat hierdie behandeling so gewild maak.

By Essence of Beauty is ook Environ gesigsbehandelings beskikbaar. Ek maak gebruik van die Environ DF 2.1 masjien met die nuutste tegnologie in Environ.

Na Environ in 2018, 2019 en 2020 gekies as die top mediese velsorg-reeks in die VSA het Environ nou in 2021 die toekenning ontvang as TOP Mediese Velsorgreeks van die Dekade in die VSA se hoogaangeskrewe Aesthetic and Cosmetic Medicine Awards. Hierdie is die grootste netwerk van professionele estetikuste met meer as 'n miljoen lede wêreldwyd.

Hoe fantasties dat 'n produk wat in Suid Afrika vervaardig word, globale toekennings ontvang.

Dit spreek vanself vir die merkwaardige produk ENVIRON wat soveel mense se lewens verander het. Vir meer inligting of om 'n afspraak te maak vir 'n professionele gesigsbehandeling, kontak my gerus.

Marlize 082 7734 713.

Hier volg Hannetjie Smit se woorde oor:

Handgemaakte boerseep en skoonheidsprodukte só Affieplaas.

Wanneer mense van boerseep praat wonder baie waarvan word dit gemaak en hoe dit van die koekieseep in die winkels verskil. Omdat dit 'n natuurlike seep is en die gliserien wat vorm tydens verseping nie verwyder word (soos in komersiële seep) nie, is dit sag genoeg om jou lyf ook mee te was.

Mense wil graag terugbeweeg na meer natuurlike produkte. Wanneer dit kom by 'n gesonde en natuurlike lewenstyl, is dit wat jy op jou liggaam sit net so belangrik as wat jy in jou liggaam sit. Jou vel is die grootste orgaan van jou liggaam, en aangesien dit poreus is, absorbeer dit alles wat jy daarop sit.

Die meerderheid van die hoofstroom-produkte vir liggaamsversorging bevat 'n mengsel van kankerwekkende chemikalieë, allergene en irriterende middels.

Deur organiese en natuurlike produkte vir jou en jou gesin te kies, neem jy 'n groot stap in die rigting van 'n gesonder leefstyl. Die ontwikkelende organe van babas en kinders is besonder sensitief vir chemikalieë, daarom is dit veral belangrik om veilige produkte vir jou kinders te gebruik.

Affieplaas het 'n wye verskeidenheid natuurlike en organiese produkte vir liggaamsversorging, wat begin by boerseep, asook skeerseep en "charcoal" seep vir probleem velle, en eindig by bevogtigers, sonbrand-middels, behandelings, boudjiesalf vir babas, en vele meer.

Die hoof bestanddeel in ons produkte is beesvet. Dit klink dalk baie snaaks, maar beesvet is een van die natuurlikste en gesondste produkte om op jou liggaam te gebruik.

**Beesvet het talle uitstekende voordele:**

• Is diep voedend en bevogtigend

• Bevat vitamiene A, D, K, & E, & B12, wat almal uiters voordelig vir die vel is

• Help ook om vel se verlies aan vog te voorkom

• Bevat gekonjugeerde linoleïensuur (CLA) met natuurlike anti-inflammatoriese eienskappe

• Het al hierdie voedingstowwe wat slegs in dierlike produkte voorkom

• Bevat oliesuur (omega 9) om ander komponente diep in die vel in te dring

• Is antibakteries en antimikrobies

• Bevat palmitiensuur wat help om die beskermende versperringsfunksie van die vel te verbeter

• Is ryk aan minerale

• Bevat steariensuur wat help om die beskadigde vel te herstel, en die buigsaamheid en soepelheid van die vel verbeter

• Help met regenerasie van die vel wat dit gesonder en jonger laat lyk

• Bevat palmitoleïensuur (omega 7) wat een van die basiese boustene van ons vel is. Kontak ons gerus indien jy van ons uiters bekostigbare, wonderlike produkte wil bekom.

Delareyz Smit: 082 940 3183
Hannetjie Smit: 074 788 8921







# UIT DIE PEN

# WEEK ELF VAN 2021

Liewe oom Blyt

Ek was lank gelede ook 'n student. Wel, dis toe studente nog studente was. Die geleerde definisie van 'n student is mos iemand wat eet tot hy moeg is en dan slaap tot hy honger is. Of altans, ek het dit iewers gehoor.

My gryse ou vader het vier kinders gehad vir wie hy moes laat leer. Ons kon kies of ons na 'n tersiêre instelling wou gaan en of ons wou gaan werk. Oom Blyt, hy het elke liewe sent wat hy gehad het, vir ons gespaar, maar ons moes ook gesorg het dat ons goed genoeg presteer om 'n beurs, of ten minste effense afslag, te kon kry.

Met die aflaaislag by die Universiteit het my ou pa gesê dat ek nie bekommerd moes wees nie, want as ek wou huis toe kom, was ek enige tyd welkom. Hy sou vir my 'n pandjieswinkel oopmaak, en daar sou ek heerlik kon werk.

Ai, oom Blyt, ek het hard gewerk: wiskunde, chemie en fisika deurgekom. Net solank ek nie in 'n pandjieswinkel moes gaan werk nie.

Ek het as student R250 sakgeld per maand gekry. Daarmee moes ek boeke koop, en sommige van my etes is ook daarmee betaal. Partykeer het dit oes gegaan, maar oom Blyt, ons het hard gewerk.

Nouse dae is die bordjies verhang. Jy sien, dit het sò gebeur.

Daar was 'n mens wat so graag die verkose leier van die ANC wou bly, dat hy planne moes maak om die gepeupel iets te gee om voor te stem. Makie sakie wat die Heherverslag gesê het nie. Die gepeupel het in die middel van Oktober in 2015 begin betoog: eers effens vreedsaam, maar later meer geweldadig.

Oom Blyt, jy sal nou nie glo nie, maar hulle het in 2016 ongeveer R600 miljoen se skade aangerig. Woer-woer tot op 16 Desember 2017: daardie leier waarvan ek netnou gepraat het, kondig toe gratis tersiêre opleiding aan want dit is volgens die ANC se vryheidsmanifes.

En toe gaan lees ek die Vryheidsmanifes: "Higher education and technical training shall be opened to all by means of state allowances and scholarships awarded on the basis of merit."

Die ding is net, oom Blyt, wanneer is iets op meriete? Want soos wat ek rondom my kyk, sien ek net mooi boggerôl wat deesdae op meriete berus. Jy sal nou nie weet wie Janné is nie, maar ek ken haar. Sy het 8 A's behaal met 'n gemiddeld van 90% in die matriekeksamen. Maar weet jy, oom Blyt, sy is nie vir medies gekeur tot op die heel-heel-heel laaste nie. Dis nie meriete nie.

*Anyway,* terug na die Vryheidsmanifes. Baie min van die studente lees die laaste vyf woorde van hierdie manifes. Ek dink ook nie daai leier waarvan ek gepraat het, het dit gelees nie. Dalk kon hy nie, ek weet nie. Daarom wil die huidige, betogende studente net hê en hê en hê.

Ek hoor netnou dat een of ander studenteraad gesê het dat hulle aan die betogers gesê het om vreedsaam te betoog. Ag, kom nou! Dis so goed om 'n lekker blik kondensmelk voor my te sit en te sê ek mag nie daarvan eet nie.

Nee, hulle gooi asblikke rond, brand buitebande, steek standbeelde aan die brand. Die sekretaris van Wits se studenteraad, Sinqobile Nxumalo, sê aan eNCA dat die groep "alles wat agtergebly het van die apartheidsregime" wil verwoes. (Netwerk24 op 12 Maart 2021).

Marietjie Boshoff (nee, oom Blyt, ek ken haar glad nie) se kommentaar daarop was: "Brand en breek dan maar ook al die universiteite heeltemal af synde hulle uit die apartheidstyd dateer. Tel dan julle tone onder 'n Koraalboom en bestel nog treine wat te hoog is, entstowwe wat verval het, verkeerd ontwerpte kragstasies en vul al die slaggate met piesangskille en klippertjies. Teug gemoedelik aan 'n blikbeker koffiewater by kerslig en vier die revolusie!"

Weereens, oom Blyt, dis nie my woorde nie, maar dit kom direk so vanaf Netwerk24.

Hier is die ding, oom Blyt: as gratis tersiêre onderwys op meriete gedoen word, hoekom gaan elke Jan Rap en sy maat nou universiteit toe? Hulle kry 'n NSFAS beurs, en Bob is jou *uncle*. Daar is bitter min prestasie aan hierdie beurs gekoppel.

Niemand gaan in 'n pandjieswinkel werk nie, niemand gaan probeer om hierdie loopbaan eerder 'n renbaan te maak nie. En tot tyd en wyl oom Blyt en oom Tietoe probeer om geld (wat *by the way* nie bestaan nie) vanaf een plek in die begroting na 'n ander afdeling te skuif, gaan die anargiste aan om te brand en af te breek.

Soos met die prestasielose beurs is daar ook geen gevolge vir hierdie mense nie. Maar oom Blyt, laat ek nou net 'n paar rande van SARS weerhou, is dit tronksake. Dis seker hoekom ek so super eerlik is. Ek is skoon gatvol vir myself.

Oom Blyt, dis onmoontlik. Almal kan nie universiteit toe gaan en vir ewig daar bly om hulle eie politieke agenda te dryf nie. Dis nou maar so.

Maar, aan die ander kant, oom Blyt, hoor ek jou vra hoekom die kinders so afbreek en klippe gooi? Maklike antwoord. Onthou jy toe jy en jou tjommies in ballingskap iewers was? Toe het julle vir die mense op die grond gesê hulle moet betoog vir wat hulle wil hê. Van jou kollegas het hulle aangemoedig en goeters af te brand, om mense te *necklace* en om geboue te vandaliseer.

En nou, sewe en twintig jaar nadat hierdie stryd opgesê is, weet julle nie hoe om dit wat julle aangemoedig het, te stop nie. Hierdie perd gaan julle vir ewig ry, ek sê jou nou. Wie ook al hiervoor verantwoordelik is, gaan eendag berou hê omdat daar niks oor gaan wees nie.

Niks, nie eers 'n flippen blikbeker nie.

Ag, nee, oom Blyt, loop sê vir daai kinders dis nou klaar. Gaan sit agter jou boeke anders gaan jy jou NSFAS beurs moet terugbetaal.

O? Betaal hulle dit nie terug nie? Jou probleem, oom Blyt. Joune. Het ek Nzimande hier reg gespel? Kan ek hierdie sommer weer by die Uniegebou aflewer?

# RAAK BETROKKE OF BLY AGTER

*Vrystaat Landbou se hoofbestuur-span het Dinsdag by die buiteklub op Heilbron een van 'n reeks streeksvergaderings gehou om lede in te lig oor verwikkelinge in die Landbou-omgewing. Met die tema "Verseker jou toekoms in landbou", het verteenwoordigers van Heilbron, Parys, Vredefort, Edenville, Steynsrus en Frankfort inligting ontvang van gassprekers op die dag. Plaaslike landbouverenigings hanteer plaaslike sake namens hul lede en in ooreenstemming met die grondwet van die Landbouvereniging. Op verenigingsvlak word die landelike veiligheidsplan geïmplementeer, brandbeskermingsverenigings (BBV's) se grondvlakstrukture werk saam en waar nodig gemeenskapsprojekte soos infrastruktuur, munisipale skakeling, ens. Op die foto verskyn vl: Koot Naude (VL area 8 streeksverteenwoordiger), Tommy Esterhuizen (Vise President VL), Francois Wilken (President VL) en Stephan Smith (Nedbank - Borg)*





# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***




# JAARBEPLANNER

**April 2021**
1 Apr. NG Kerk Suid (Verkopings)
30 Apr. NG Kerk Suid (Verkopings)

**Mei 2021**
28 Mei NG Kerk Suid (Verkopings)

**Julie 2021**
30 Julie NG Kerk Suid (Verkopings)

**Augustus 2021**
6 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
13 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
20 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
28 Aug. NG Kerk Suid
(Basaar / Saamkuier geleentheid)

**Oktober 2021**
1 Okt. NG Kerk Suid (Verkopings)

**Desember 2021**
4 Des. NG Kerk Suid
(Gholfdag en Kersmark)

***Wessie van der Westhuizen***
**** 21.3.1950***
***† 20.5.2009***

Baie geluk met jou 71ste verjaarsdag Gogga. Sou wat wou gee om jou 'n drukkie te gee. Mis jou en verlang baie. Altyd lief vir jou.

***Sue, kinders, kleinkinders en agterkleinkinders***

**TE KOOP GEVRA**

'n 10, 15 of 20 Ton massa sleepwa asseblief.
**Skakel Johan**
**082 550 7191**
K0741

**BAAL / SNY & BAAL ...**

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**

**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BIBLIOTEEK OOP**

***Piercestraat 66 • Heilbron***

Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE -**
09:00 - 13:00 (Volwassenes) en
14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

***HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS***

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen***
***079 040 0531***

**BLOEDSKENK DATUMS**

**23 Maart, 25 Mei, 27 Julie, 28 September, 23 November**

**AAG - ARBEIDS ADMIN GURU**
**Landbouers: Groot & Klein**

*Is jou arbeids admin agter?*
*Jou tyd te min of geen tyd daarvoor?*

Kontak ons, ons hanteer alle dag tot dag arbeids admin vir jou.
- Kontrakte, dissiplinêre en CCMA verteenwoordiging
- Personeelleêrs, Bywoningsregisters
- Maandelikse verlofregister, Alle verlofvorms
- Payroll • 3rd Party payments • UIF
- Efiling & Easyfile

**KONTAK 082 613 1674**
**CORLIA SAAIMAN**
https://coliasaaiman.wixsite.com/website

**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure**

**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30

**Saterdae:**
09:00 -12:00

***Elsstraat 42 HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

**AANKOOP VAN SPEENKALWERS**

Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**



GiG Technologies (Pty) Ltd

Jenny Wireless Internet

Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993

*Winkelure*



**Maandae - Donderdae**
07:30 tot 17:00
**Vrydae:**
07:30 tot 16:30
**Saterdae:**
08:30 tot 13:00


Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Pryslys vir 2021 nou beskikbaar

072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za

MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY

# BOERPERD-TELER TRAGIES OORLEDE




Lomon Terre'Blanche was die middag van 15 Maart 2021 in 'n motorongeluk op die Edenville-Heilbron pad betrokke. Sy voertuig is deur 'n bakkie en 'n sleepwaentjie getref nadat 'n ander padgebruiker glo aan die verkeerde kant van die pad gery het om die slaggate te vermy. Die R34 is in 'n slegte toestand en word al hoe erger. Die waentjie het bo op Lomon se voertuig beland en het hy verskeie ernstige beserings opgedoen. Lomon is oorgeplaas na Welkom Medi-Clinic toe waar hy Dinsdagmiddag oorlede is as gevolg van komplikasies na die ongeluk. Lomon Terre'Blanche was die teler en stigter van Roemryk SA Boerperd Stoet wat reeds in 1990 gestig is. Tydens sy betrokkenheid by die Telersgenootskap het hy diep spore getrap as teler, raadslid, keurder en beoordelaar. Lomon word beskyf as 'n wyse, goedhartige steunpilaar van die Edenville-gemeenskap wat altyd tyd gemaak het om te luister. Hy het ook 'n groot rol gespeel om veediefstal en ander landelike misdaad te beveg. “Sy motivering, goeie leiding, ondersteuning en deurdagte raad sal gemis word deur almal wat hom geken het en saam met hom gewerk het.”, skryf NG Kerk Edenville op hulle Facebook-blad. Hy was ook leierouderling en kerkraadvoorsitter. Hy laat na sy vrou, Rina-Marie, kinders Pieter, Carli en Stinneke, hulle eggenote, kleinkinders en ander familie en vriende. Nog geen begrafnisreëlings was teen druktyd beskikbaar nie.



*In liefdevolle herinnering aan Christina Jacoba Leonard oorlede op 13 Maart 2021 in die ouderdom van 72 jaar. Christa se diens was gister waargeneem deur Ds Braam van Zyl vanuit die NG Moedergemeente op Heilbron. Die teraardebestelling het plaasgevind op die familieplaas, Robertsdam. Sy laat na vir Petri & Leandra Leonard, Verna van Greunen, Koos & Lizette Müller, kleinkinders en ander familie en vriende.*







## HEILBRONNERS PRESTEER TYDENS ATLETIEK

Op Saterdag, 13 Maart 2021 het die 2 boeties Handré (Bees) en Tiaan Britz van Heilbron, by die DP de Villiers stadion deelgeneem aan die AVA Atletiekbyeenkoms. Hulle het vir die Vaaldriehoek Atletiekklub deelgeneem om te kwalifiseer en later vanjaar na die AVA byeenkoms te kan gaan in die Paarl. Albei is tans leerders by Vereeniging Gimnasium. Hulle neem komende Saterdag, 20 Maart weer deel aan 5de byeenkoms. Bees behaal vyfde plek in spiesgooi (30,19m), sy persoonlik beste gewigstoot (11,78m) asook sesde plek vir diskus (42,29m). Tiaan behaal tweede plek vir spiesgooi (40,92m), gewigstoot (11,92m) en sewende plek vir diskus (40,45m).



*Tiaan is o/14 en Handré (Bees) is o/15 maar albei neem deel aan die o/16 ouderdomsgroep.*



# JA MALHERBE SPOG MET TWEE NUWE ONDERWYSERS

Twee nuwe onderwysers het onlangs by die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn aangesluit.

Mev Dorette Kriel is as onderwyser by die Apie-klas (2 tot 3 jaar) by die Kriewel Kampus Kleuterskool aangestel. Sy het in Reitz grootgeword en daar skoolgegaan. Na skool het sy by die Universiteit van die Vrystaat BSc Fisioterapie gestudeer. Hierna het sy in Suid-Afrika, asook in Namibië, as fisioterapeut gewerk. Sy het ook in verskeie Oosterse lande soos Viëtnam en Thailand as onderwyser gewerk.

Mev Kriel is ma van Joshua (6) en David (3), beide leerders by Kriewel Kampus Kleuterskool by die JA Malherbe Primêre Skool. Sy werk ook deeltyds smiddae as fisioterapeut by Coba Cilliers Fisioterapeute in Petrus Steyn.

Mev Windy Maartens is aangestel as Wiskunde onderwyser vir graad 4 tot 7. Sy het in die Petrus Steyn-omgewing grootgeword. Na skool het sy ’n BA-graad in Onderwys (Intermediêre en Senior fase), asook ’n Honneursgraad in Onderwysbestuur deur UNISA behaal. Sy is tans besig met haar Meestersgraad in Onderwysbestuur. Mev Maartens het tussen 2012 en 2020 by Lindley Hoërskool skoolgehou en o.a. Wiskunde, Engels en EBW gegee.

Sy is ma van SD (6) en Wilandi (3), beide leerders van Kriewel Kampus Kleuterskool en is getroud met Stephen, ’n sersant by die SAPD in Lindley.



*Dorette Kriel*



*Windy Maartens*

# SKENK BLOED EN RED ’N LEWE

SANBS het tans ’n bloedtekort - skenk bloed in Heilbron.

SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk, Dinsdag 23 Maart by die NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 - 18:00. Help SANBS om 80 eenhede bloed in te samel wat honderde lewens kan red.

SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker.

Bloedvoorraad is tans baie laag. Dit plaas SANBS onder ontsaglike druk om genoeg, veilige en goeie kwaliteit bloed in te samel.

Hierdie is ’n spesiale beroep op die publiek om 30 minute af te knyp om bloed te skenk.

Die minimum vereistes om ’n bloedskenker te wees, is:

- Wees tussen die ouderdom van 16-75 jaar
- Weeg meer as 50kg
- Geniet goeie gesondheid
- Leef ‘n veilige seksuele leefstyl.

SANBS wil graag alle gereelde bloedskenkers bedank en aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk.

Vir meer inligting, besoek ons gerus by www.sanbs.org.za of skakel tolvry 0800 11 90 31

Skenk bloed. Jou bloed red lewens.

**JAARPROGRAM : 2021**
**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 17 APRIL | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 22 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 5 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 14 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 4 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 2 OKTOBER | OPE PRYS SKIET | 09:00 |

# KENNISGEWINGS

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE PIETER WOUTER DU TOIT,** Identity Number: 430323 5048 083, in life unmarried, residing at Huis Emily Hobhouse, Koppies, district Koppies, 9540, Province Free state, **ESTATE NUMBER: 7063/2020.**
Hereby notice in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P O BOX 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: TEL: 058 852 2035**

### NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE WILLEM JOHANNES STEPHANUS MEYER,** Identity Number: 430630 5002 088, in life unmarried, residing at Farm Meyershof, district Heilbron, 9650, Province Free state, who died on 10 December 2020,
**ESTATE NUMBER: 1911/2021.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on 10 March 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P O BOX 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: TEL: 058 852 2035**

### NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE MARTHA LOUISA MIENNIE,** Identity Number: 430305 0035 082, in life married in community of property with **JACOBUS PETRUS MIENNIE,** residing at 72 Mason Street, Heilbron, Province Free state, who died on 10 November 2018, **ESTATE NUMBER: 1514/2020.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on 10 March 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P O BOX 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: TEL: 058 852 2035**

**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42 HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*

# SMALLS

JJJ FORM

### LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO T12503/2020** passed by **NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT** in favour of **RETHABILE SYLVIA LABASE** in respect of certain ERF 4678, KWAKWATSI, (EXTENSION 3), DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at KOPPIES on 9 MARCH 2021
**APPLICANT**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**26A CHURCH STREET**
**P O BOX 21, KOPPIES, 9540**
**TEL: 056 777 1884**

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE ALETTA ELIZABETH JOHANNA WILHELMINA PAULINA PIATER,** Identity Number: 300423 0008 087, in life unmarried, residing at 22 Pierce Street, district Heilbron, 9650, Province Free state, **ESTATE NUMBER: 879/2020.**
Hereby notice in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P O BOX 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: TEL: 058 852 2035**

# WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa. 20/3 | 14/26 | 51 kans vir donderbuie |
| So. 21/3 | 13/23 | 51 kans vir donderbuie |
| Ma. 22/3 | 13/22 | 51 kans vir donderbuie |
| Di. 23/3 | 13/21 | 51% kans vir donderbuie |
| Wo. 24/3 | 15/20 | 82% kans vir donderbuie |
| Do. 25/3 | 13/21 | 54% kans vir donderbuie |
| Vr. 26/3 | 11/23 | 41% kans vir oggendbuie |
| Sa. 27/3 | 11/24 | Sonnig |
| So. 28/3 | 12/25 | Sonnig |
| Ma. 29/3 | 12/26 | Sonnig |
| Di. 30/3 | 11/25 | Sonnig |
| Wo. 31/3 | 14/24 | Gedeeltelik bewolk |
| Do. 1/4 | 14/25 | Gedeeltelik bewolk |

HERALD SPORT

# RUITERS GENIET DIE BUITELUG






*Foto's geneem tydens Heilbron Ruiterklub se maandelikse rit, Saterdag 13 Maart, by Hendrik en Amanda Brink te Rooikoppies.*

**BLOEDSKENK DATUMS**

23 Maart, 25 Mei
27 Julie , 28 September
23 November












**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer kantoorure 058 852 3033.**


## BKB Louwid

### Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 23 MAART 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling.
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

PETRUS STEYN: EVERSAR SUSSEX STOET
Algehele uitverkoping van vroulike dier kudde
11:00, George plaas, Petrus Steyn
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

**WOENSDAG - 24 MAART 2021**

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Sakkie v Rensburg 082 562 0937

DUNDEE" COTSWOLD FARMING
1475 Uitstekende boerbeeste
11:00, Cotswold, Dundee
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

**DONDERDAG - 25 MAART 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VREDE: BOVELDER BEES STUDIEGROEP
DIGITALE VIDEO VEILING
561 Beeste
11:00, Vrede Hotel
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

**VRYDAG - 26 MAART 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**